**Publication:** Beeld Tweede Uitgawe - Sake **Page:** 10
**Title:** SA weer na aan resessie: Plaas ekonomie op koalisie-agenda' **Publish Date:** 05 June 2024
**AVE:** 59751.96 **Author:** Hanlie Stadler

# SA weer na aan resessie: 'Plaas ekonomie op koalisie-agenda'

**Hanlie Stadler**

Die nuus dat die Suid-Afrikaanse ekonomie die jaar met 'n ekonomiese inkrimping begin het, behoort 'n wekroep te wees vir politici wat in koalisie-onderhandelinge gewikkel is.

Prof. Raymond Parsons, ekonoom van die Noordwes-Universiteit se sakeskool, sê daar is ekonomiese kwessies wat politieke leiers op hul gespreksagenda moet plaas.

"Die uitslag van die koalisie-onderhandelinge moet die nodige politieke stabiliteit en doeltreffende regering skep wat investering, groei en werkskepping ondersteun."

Dit kom nadat Statistieke Suid-Afrika bekend gemaak het die bruto binnelandse produk (BBP) het in die eerste kwartaal met 0,1% ingekrimp teenoor die laaste kwartaal van 2023.

Thanda Sithole, 'n ekonoom van FNB, sê ook die stabiliteit van die nuwe regering sal "deurslaggewend" vir die ekonomie wees.

Selfs groot bedrywe soos finansiële dienste en handel wat die ekonomie dikwels aandryf, het skaars gegroei teen net 0,1% elk.

Net landbou het sterk gegroei, teen 13,5%, en uit verlede jaar se resessie gekom, maar omdat landbou slegs 4% van die ekonomiese produksie verteenwoordig, kon dit nie 'n inkrimping verhinder nie.

Parsons sê die syfers is teleurstellend.

"Suid-Afrika moet uit sy strik van swak groei breek ten einde die uitdaging van werkloosheid, armoede en ongelykheid meer suksesvol aan te pak."

Dis veral kommerwekkend dat vastekapitaalvorming die derde agtereenvolgende kwartaal verminder het.

Dit het met 1,8% gekrimp.

Vastekapitaalvorming – die bou van fabrieke en die aankoop van masjinerie waardeur produksie versterk word – is "een van die kernbestanddele van volgehoue sterk groei".


Die Nasionale Ontwikkelingsplan stel 'n teiken van 30% van die BBP, terwyl dit op die oomblik slegs 15% is.

Parsons hoop 'n "duidelike en voorspelbare beleidsomgewing" sal uit die onderhandelinge duidelik word. Dit sal ondernemings gewillig maak om langtermynbeplanning vir uitbreiding te doen.

Momentum Investments se ekonomiese ontleders onder leiding van die ekonoom Sanisha Packirisamy sê huishoudelike besteding, wat in die kwartaal met 0,3% ingekrimp het, sal dalk later vanjaar kop optel.


## Só groei ekonomie van kwartaal tot kwartaal

**Groei van produksie op die bruto binnelandse produk op 'n seisoenaangepaste kwartaalgrondslag.**




## Só vaar die verskillende sektore

**Groei van produksie op die bruto binnelandse produk op 'n seisoenaangepaste kwartaalgrondslag in die 1ste kwartaal van 2024.**




## Verwagtinge vir groei in '24

Vir die hele 2024 verwag Parsons groei van 0,9% en Packirisamy 1%.

Die Reserwebank het verlede week sy voorspelling onveranderd op 1,2% gehou, maar dis nog gegrond op die verwagting dat die ekonomie in die tweede kwartaal met 0,2% gegroei het.

Parsons sê sterker groei wêreldwye en hoër hulpbronpryse kan die ekonomie in 2025 en daarna aanwakker, tesame met groot investering in hernubare energiebronne.

"Dié uitkomste hang egter in groot mate van beleggersvertroue af wat deur 'n voorspelbare en sekere makro-ekonomiese raamwerk ondersteun moet word."

Packirisamy meen die miljarde wat na verwagting uit pensioenfondse gaan vloei wanneer die tweepotstelsel op 1 September van krag word, gaan huishoudelike besteding 'n hupstoot gee.

"Selfs al gaan sommige verbruikers geld uit hul pensioenfonds onttrek om skuld af te betaal, kan dit positief wees vir hul toekomstige bestedingsvermoë."

Die lang verwagte verlaging van die rentekoers en die geleidelike verlangsaming van die inflasiekoers gaan besteding ook ondersteun.

Die meeste ekonome verwag dat die rentekoers teen September of November verlaag gaan word.

Maatskappye se wins kan verbeter omdat daar vanjaar laer fases van beurtkrag is, sê Packirisamy.

In die tweede kwartaal was daar nog glad nie beurtkrag nie.

Dit kan ook vaste investering verbeter.


The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, without prior permission of the original publisher.